## HOEKOM NIE AS LID AANSLUIT NIE?

**NB: U hoef nie 'n lid van die Bloemfonteinse Skrywersvereniging (BSV) te wees of te word om die BSV-Slypskool by te woon nie.** Indien u egter wel in lidmaatskap belang stel, verstrek ons graag die volgende besonderhede:

Die BSV bestaan al sedert 1970, en die lede vorm 'n gesellige vriendekring wat mekaar inspireer om te skryf – in watter genre ons ook al individueel belang stel.

Daar word minstens agt byeenkomste per jaar aangebied. Die meeste daarvan is "werksaande" waarvoor die lede interessante skryfopdragte uitvoer (wat natuurlik afgerond en aan 'n tydskrif of die radio verkoop kan word). Soms nooi ons ook gassprekers wat ons oor die skryfkuns kom toespreek. Die voorsitter stuur jaarliks ook agt kennisgewings uit met skryf- en slypgeleenthede waarin lede moontlik mag belangstel.

Die BSV loods al jare lank jaarliks 'n landwye skryfwedstryd, asook die jaarlikse *"Slypskool vir ontluikende skrywers"*, waar 'n reeks skrywers en akademici van formaat al opgetree het. Ander projekte sluit in die jaarlikse saamstel van 'n bundel met ledebydraes en 'n bundel met die skryfwedstryd se weninskrywings.

Lidmaatskap is oop vir enige persoon wat in die skryfkuns belangstel, en ledegeld per jaar is soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Enkellid** | R100 | **Egpaar of enige 2 lede van gesin** | R110 |
| **Student** | R90 | **Leerder** | R80 |
| | | Pensioenarisse bo 65 | (slegs) R50 |

Al wat u hoef te doen om lid te word, is om die lidmaatskapvorm hieronder te voltooi en u ledegeld by u bywoningsgeld vir die Slypskool te voeg. Dan sê ons: Hartlik welkom!

-----------------------------------------------------------------------------------------------------------

## LIDMAATSKAP VAN DIE BSV (opsioneel)

Hiermee sluit ek/ons aan as lid/ lede van die Bloemfonteinse Skrywersvereniging. Dui **tipe lidmaatskap** met 'n kruisie aan:

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Enkellid R100 | | Egpaar of twee gesinslede R110 | | Stu-dent R90 | | Leerder R80 ---------- Pensioe-naris R50 | ----- |

* **Ledegeld is geldig vir 'n volle kalenderjaar** vanaf datum van betaling.
* Ledegeld en inskrywingsgeld vir die Slypskool kan gesamentlik betaal word (bv. met één tjek).

Naam/Name: …………………………………………………………………….

Posadres ………………………….... Tel.nr. (H/Sel):…………………………...

...................…………………………….. Tel.nr. (W):……………………………..

...................……………………………. E-posadres:.....…………………….

Handtekening: ………………………… Datum:……………………………........

# DIE BLOEMFONTEINSE SKRYWERSVERENIGING

1970 - 2016

NOOI U OM IN TE SKRYF VIR

# 2016 se BSV-Slypskool

## VIR ONTLUIKENDE SKRYWERS

AANGEBIED DEUR

# Prof. Joan Hambidge

(DIE SKRYWER WORD GEBORG DEUR AFRIFORUM)

DATUM: **Saterdag 20 Augustus 2016**

TYD: **08:15: Registrasie. Slypskool: 9:00 - 15:00**

PLEK: **Noorderbloem Aftree-oord-saal, Metzstraat, Bayswater, Bloemfontein**

**BAIE DANKIE AAN:**

***Die Fakulteit Geesteswetenskappe, Vrystaat Universiteit***

*vir die borgskap van die Skryfwedstryd, die lêers en skryfbehoeftes.*

SLUITINGSDATUM VIR INSKRYWINGS:

WOENSDAG 17 AUGUSTUS 2016

**Wie lei die Slypskool?**

**Persoonlike Besonderhede : Prof. Joan Hambidge**

**Joan Hambidge** is professor in Afrikaans en Kreatiewe Skryfwerk aan die Universiteit van Kaapstad.en het al nagraadse leiding aan vele MA en PhD-studente gegee. Sy is ‘n baie bekende kritikus/ resensent en bekroonde digter en wenner van die Eugène Marais- en ATKV-pryse vir poësie met digbundels, soos *Matriks* (2015), *Meditasies* (2014), *Lot se vrou* (2012), *Visums by verstek* (2011), *Vuurwiel* (2009), *Interne verhuising* (1995), *Dad* (2006), *En skielik is dit aand* (2005), *Die Buigsaamheid van verdriet* (2004), *Ruggespraak* (2002) en *Lykdigte* (2000). Haar jongste bundel *Indeks* verskyn later vanjaar. Sy is ook romanskrywer van romans soos *Kladboek* (2008), *Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het* (2001), *Die swart sluier* (1998), *Die Judaskus* (1998), *Swart koring* (1996) en *Palindroom / Koesnaatjies vir die proe* (2008) ’n prosa en poësiebundel, die skrywer van ’n opera *Anti-Laius* (Kaapstad 2015) en ’n handboek, *Postmodernisme* (1995).

## Program : Prof. Joan Hambidge

08:15 Registrasie *(koffie en beskuit)*

09:00 Opening en verwelkoming

09:05 **Skrywers 2016-prysoorhandiging**
(Voorlesing van uittreksels uit weninskrywings)

09:30 **Sessie 1 (werk uit uitdeelstuk met gedigte wat voorsien word)**

11:15 *Tee/ Koffie (en ’n eetdingetjie)*

11:30 **Sessie 2 (werk uit uitdeelstuk met gedigte wat voorsien word)**

13:00 *Ligte middagete*

13:45 **Sessie 3 (werk uit uitdeelstuk met gedigte wat voorsien word)**

14:55 Bedankings / Evaluering
15:00 Afsluiting

Tee/ koffie met verversings en ’n middagete is by die bywoningskoste ingesluit (spysenier: **Mev. A. Heunis**).

**Baie dankie aan:** ***Crystal Lake Publishers*** vir die water. M**ev. Alida de Wit** vir die klank.

**Boeke en digbundels sal te koop wees by die Protea Boeke-uitstalling en *Inkvars* en *Bloemskryfsels* by BSV-bestuurslede.**

## ONTHOU!

**ELKE SLYPSKOOLGANGER MOET ASB. VOORAF TWEE EIE GETIKTE GEDIGTE SAAM MET U INSKRYWINGSVORM STUUR NA bloemsv@gmail.com**

# INSKRYWINGSVORM: 2016-SLYPSKOOL VIR ONTLUIKENDE SKRYWERS

Bywoningsgeld: » **R300 per persoon** (volwassenes, naskoolse & skoolgaande jongmense)
» **BSV-lede** – ook as u nóú nuut aansluit – **R160 per persoon.**
» **Alle pryswenners van die BSV se Skrywers 2016-skryfwedstryd** en die **BSV-beurshouer** van die betrokke jaar woon die Slypskool **gratis** by.

***Hiermee doen ek/ ons aansoek om die Slypskool by te woon:***

| **Persoon 1** | **Persoon 2** |
|---|---|
| Titel: Mnr./Mev./Mej./Me./Dr./Prof. ……… | Titel: Mnr./Mev./Mej./Me./Dr./Prof.……... |
| Naam: ……………………………….. | Naam: ……………………………………… |
| Adres: ……………………………….. | Adres: ……………………………………… |
| ………………………………… | ……………………………………… |
| Tel.-nr.: ………………………………… | Tel.-nr.: ……………………………………… |

**EK/ ONS SLUIT DIE VOLGENDE BEDRAG OF BEWYS VAN DIREKTE INBETALING HIERBY IN:**

| | **Persoon 1** | **Persoon 2** | |
|---|---|---|---|
| Bywoningsgeld vir Slypskool | R………… | R………… | |
| Ledegeld (indien van toepassing) | R………… | R………… | |
| | R………… | R………… | = TOTAAL: R………. |

Betaling kan op een van die volgende wyses geskied (L.W.: **Donasiekoepons / posorders nie aanvaarbaar nie**)

1. **Tjeks:** Tjeks word uitgemaak aan: **DIE BLOEMFONTEINSE SKRYWERSVERENIGING.**

2. **Direkte inbetaling:** Die geld word direk op die BSV se rekening inbetaal, en ’n fotostaat van die inbetalingstrokie word saam met die inskrywing(s) versend terwyl die afsender die oorspronklike vir kontroledoeleindes bewaar. Die bankbesonderhede is soos volg:

**Naam van rekening:** Die Bloemfonteinse Skrywersvereniging
**Rekeningnr.**: 380-1633-1772 **Takkode:** 334-334
**Bank en Tak**: ABSA, Brandwag, Bloemfontein **Verrekeningskode:** 632005

***L.W. Die naam van die persoon wat die geld deponeer / elektronies oorbetaal, moet ingevul word en duidelik op die deposito- / oorbetalingstrokie leesbaar wees.***

Pos u voltooide inskrywingsvorm om ons **voor of op 17 Augustus 2016** te bereik na hierdie adres: **Die Voorsitter: Corlietha Swart, BSV, Antjie Krogstraat 6. Langenhovenpark, 9301, of stuur dit elektronies na bloemsv@gmail.com**

**NAVRAE:** Mej. Lelani Fourie (sekretaresse/ tesourier): Sel. 0733883377
Elektroniese navraag: Stuur epos na bloemsv@gmail.com
Faksnommer (vir ontvang van fakse) 0866028047
Slypskoolinligting op BSV-webwerf by: bloemsv.wordpress.com

**NB! ELKE SLYPSKOOLGANGER MOET ASB. VOORAF TWEE EIE GETIKTE GEDIGTE SAAM MET U INSKRYWINGSVORM STUUR NA: bloemsv@gmail.com**

**GOU SPEEL** Ons wil hê dat elke slypskoolganger individuele aandag moet kry. Daarom kan slegs ’n beperkte aantal persone, hoogstens 80, geakkommodeer word. As u inskrywing voor of op 17 Aug. 2016 ontvang word en die getal is reeds volskryf, sal u geld terugbetaal word.
**By kansellasie ná 17 Augustus 2016 word geen geld egter terugbetaal nie.**